

23 November

Skrifgedeelte: Psalm 107 (OAV)
Fokusgedeelte: Psalm 107:8, 15, 21, 31

Loof die HERE, want Hy red dié wat by Hom toevlug soek!

Die refrein van vers 8, 15, 21 en 31 van Psalm 107 laat die oproep hoor dat die HERE geloof moet word vir sy troue verbondsliefde en vir sy verlossingsdade wat Hy aan ons mense bewys. In sy troue liefde ontferm die HERE Hom uit genade oor mense met 'n besondere hartsgesindheid. Vers 6, 13, 19 en 28 laat ons sien dat dit mense is wat vanweë verskillende lewensomstandighede in benoudheid verkeer. Hulle besef hoe totaal afhanklik hulle van die HERE is en maak hulle nood aan Hom bekend. Telkens skenk Hy uitredding op hulle hulpgeroep.

Die HERE het sy volk uit hulle ballingskap verlos (vs 3). Hy red uit die gevare van die woestyn (vs 4), waar daar geen heenkome en geen stad is nie (vs 4). Hy red dié wat honger en dors is (vs 9). Selfs hulle wat vanuit gevangenis sy Naam aanroep (vs 10), asook dié wat deur die golwe van die see bedreig word (vs 29), red Hy. Ja, kyk! God se verlossingsdade word deur niks ingeperk nie en daarvoor moet Hy geloof word.

Hoeveel kere het jy al die benoudhede van siekte, operasies of werkloosheid beleef in jou lewe? Telkens het jy biddend jou toevlug by Hom gesoek en telkens het Hy op sy manier uitkoms gebring. Het jy Hom toe geloof? Waarom? Omdat dit alles genade is, omdat sy verlossingsdade heenwys na Jesus Christus!

Deur Jesus Christus maak God sy troue verbondsliefde bekend. God het Hom nie uit sy doodsbenoudheid verlos nie. Hy moes versoenend sterwe, sodat jy gered kon word van die vreeslikste van alle benoudhede: die ewige dood. Dit is God se Heilige Gees wat die besondere hartsgesindheid in jou werk, wat jou laat besef hoe afhanklik jy van Hom is en jou toevlug by Hom laat soek!

Sal jy Hom dan nie in alle dankbaarheid loof nie?

Sing: Psalm 103:1, 2, 3

Ds. RL Vorster (Emeritus)